# Openbaarmakings dokument

virseker
'n Produk van Auto&General

**Dankie dat jy Virseker vir jou versekeringsbehoeftes oorweeg, en saam met ons bydra om Afrikaans te verseker.**

Hier by Virseker doen ons alles, van hierdie dokument, tot jou polisboek, tot ons inbelsentrum, in Afrikaans. Maar met jou hulp gaan ons selfs verder: saam dra ons by tot die voortbestaan van ons pragtige taal, want ons skenk 'n gedeelte van jou premie aan die Virseker Trust, waar dit aangewend word tot die bevordering van Afrikaans. Daardeur gee ons finansiële steun aan Afrikaanse onderrig, bevorder ons Afrikaanse musiek en kuns, en ondersteun ons skolesport, want saam verseker ek en jy Afrikaans.

**Die wet vereis van ons om spesifieke inligting onder jou aandag te bring voor ons jou polis afhandel. Die inligting hieronder is toepaslik op jou polis(se), en word hiermee weergegee vir jou rekord.**

**Belangrike feite**

Virseker is 'n produk van Auto & General, 'n gelisensieerde nie-lewensversekeraar en finansiële-diensverskaffer vir Korttermynversekering: Persoonlike en Kommersiële produkte, sowel as Langtermynversekering Kategorie A- en B-produkte. Auto & General het voldoende professionele vrywaringsdekking.

Konsultante wat nie tans aan die minimum ondervinding – en/ of kwalifikasievereistes, soos deur die Wet op Finansiële Advies-en Tussengangerdienste (WFAT) uiteengesit, voldoen nie, verskaf dienste onder toesig van bestuur soos voorsiening gemaak is deur die WFAT. Ons verseker jou egter dat hulle ten volle daartoe in staat is om jou te help.

Ons verteenwoordigers verdien 'n eenmalige kommissie vir die verkoop van polisse.

Dit is jou verantwoordelikheid om akkurate en korrekte inligting op al ons vrae te gee. As jy sou nalaat om dit te doen, mag dit 'n negatiewe impak op enige toekomstige eise hê.

Rekords van alle telefoniese of aanlyn interaksies word vir jou en vir ons beskerming bewaar. Hierdie rekords sal op versoek aan jou beskikbaar gestel word.

**Wetlike en kontakbesonderhede**

Virseker is 'n produk van Auto & General, 'n finansiële-diensverskaffer (FDV) en jou versekeraar.

Ons FDV lisensienommer is 16354.

Ons maatskappy se registrasienommer is 1973/016880/06 en ons BTW nommer is 4890105085.

Ons fisiese adres is: Telesurelaan 1, Riverglen, Dainfern, 2191.

Jy kan ons telefonies kontak by 0861 477 911.

As jy ons Voldoeningsbeampte wil kontak, bel gerus 0860 999 954.

As jy ons aanlyn wil besoek, gaan na: www.virseker.co.za

## Verwerking van Persoonlike Inligting

Om ons dienste aan jou te verskaf, is ons verplig om jou persoonlike inligting te verwerk en dit in ooreenstemming met ons sakevereistes en regsverpligtinge te doen. Jy erken dat jou persoonlike inligting vir versekerings-, finansiële dienste en risiko bestuursdoeleindes, deur die TIH Groep van Maatskappye teenoor enige ander redelike en wettige bron of databasis, geverifieer en/of verwerk mag word. Dit is om die akkuraatheid en volledigheid van enige persoonlike inligting wat verskaf word, op 'n volgehoue basis te waarborg.

Jy mag toegang tot jou persoonlike inligting wat ons besit, kry en jy mag beswaar aanteken teen die verwerking van jou persoonlike inligting, of ons versoek om enige foute reg te stel, of hierdie inligting te skrap, as daar geen wetlike rede is dat ons dit in stand hoef te hou nie. Besigtig asseblief ons Privaatheidsbeleid en Toegang tot Inligting Handleiding op ons webtuiste vir verdere inligting.

| NIE TEVREDE NIE? |
|---|
| Neem asseblief kennis van die volgende belangrike kontakbesonderhede as jy nie tevrede met die diens is wat ons verskaf het nie: |
| Klagte-hantering departement: dispuutresolusie@virseker.co.za |
| Nasionale Finansiële Ombud Skema (NFO): www.nfosa.co.za |
| WFAT Ombudsman: www.faisombud.co.za |